

# BARUG

## Inleiding

In die •Septuagint, die Griekse Ou Testament, staan *Barug* voor *Die Klaagliedere van Jeremia*, en die *Die Brief van Jeremia* daarna. Die boek *Barug* bestaan uit twee selfstandige geskrifte, naamlik *Barug* (Bar 1 — 5) en die *Die Brief van Jeremia* (Bar 6). In die •Vulgaat, die Latynse vertaling, is beide geskrifte egter saamgevoeg en is *Die Brief van Jeremia by Barug* gevoeg as laaste hoofstuk. Dit is in hierdie vertaling ook so gedoen.

### Barug 1 — 5

Barug was die sekretaris van die profeet Jeremia (Jer 36:1-33; 43:1-7), maar geleerdes is dit eens dat die boek nie deur Barug, die seun van Neria, geskryf is nie. Die tyd en plek van ontstaan van Barug 1 — 5 is eweneens onseker en 'n ontstaanstyd wat wissel van die 6de eeu vC tot 70-135 nC is al voorgestel, terwyl daar geen interne aanduidings is wanneer die boek kon ontstaan het nie. Die onmiskenbare afhanklikheid daarvan van *Daniël* laat vermoed dat dit waarskynlik in die na-Makkabese periode val. Die oudste bewaarde teks is dié in Grieks in die •Septuagint, met latere weergawes in Latyn, Siries, Arabies en Ethiopies. Saam met *Die Brief van Jeremia* en *Die Klaagliedere van Jeremia* vorm dit aanhangsels tot die boek *Jeremia*.

Bar 1 — 5 weerspieël of bevat verskillende literêre genres (1:1 — 3:8 is prosa en 3:9 — 5:9 is poësie) wat verbind word deur een gemeenskaplike tema: sonde — verbanning — terugkeer. Die eenheid van Bar 1 — 5 word deur baie geleerdes betwyfel, en die gedagte word geopper dat dele daarvan op verskillende tye geskryf is.

Bar 1 — 5 kan soos volg ingedeel word:

1:1-14 Inleiding

1:15 — 2:10 Skuldbelydenis

2:11 — 3:8 Gebed om vergifnis

3:9 — 4:4 Lied van Wysheid

4:5 — 5:9 Gedig ter bemoediging

### **Barug 6: Die Brief van Jeremia**

Die opmerking in Bar 6:2 dat die ballinge sewe geslagte lank in Babilon sal bly, gee 'n aanduiding van die ontstaanstyd van *Die Brief van Jeremia* (Bar 6). Indien aanvaar word dat 'n generasie ongeveer veertig jaar lank is, sou die brief rondom 300 vC geskryf moes gewees het. Aangesien die getal sewe dikwels eerder simbolies blyk te wees, kan daar nie veel waarde aan hierdie datering geheg word nie. *Die Brief van Jeremia* is oorspronklik in Hebreeus geskryf en later in Grieks en in ander tale vertaal. Die Grieks van Bar 6 suggereer dat dit op die vroegste uit die tweede eeu vC afkomstig is. Die meeste navorsers aanvaar 'n datum iewers tussen 300 en 100 vC. Die plek van ontstaan is onbekend. Voorstelle wissel van Palestina tot Egipte. Hierdie vertaling is gebaseer op die Griekse teks in die •Septuagint.

Die opskrif bied Bar 6 aan as 'n brief van Jeremia aan die ballinge wat na Babilon weggevoer sou word, hoewel die brief geen aanduiding gee dat dit wel 'n geskrif van Jeremia is nie. Die skrywer is onbekend en het waarskynlik in die naam van Jeremia geskryf.

Die lesers van *Die Brief van Jeremia* was volksgenote van die outeur wat hulle in 'n situasie bevind het waar die versoeking groot was om ander gode as God te vereer. Die feit dat die teks aangebied word as 'n soort waarskuwing vooraf, asof die ballingskap nog moet kom, kan nie as

histories betroubare inligting beskou word nie.

*Die Brief van Jeremia* is nie 'n brief nie, maar eerder 'n vermaning, in die vorm van 'n satire, om geen vrees vir die vreemde gode te hê nie.

Die styl is direk en eksplisiet. Met behulp van stylfigure soos ironie, sarkasme, hiperbool, antitese en paradoks word die afgode van die Babiloniërs in perspektief geplaas. Die toon is spottend. Die tekening van die nietige aard van die afgode kontrasteer skerp met die heiligheid waarmee God altyd omring is. Daar is nie so 'n sterk klem op 'n erkenning van die Here as die enigste God nie, eerder 'n deurlopende afwysing van die afgode. Bar 6:5 maak wel die positiewe uitspraak: “Here, vir Ú moet ons aanbid.” Die boek eindig met die gevolgtrekking: “Daarom is dit beter dat 'n regverdige mens nie afgodsbeelde het nie — want dan sal hy ver van skande wees.”

In *Die Brief van Jeremia* is daar nie 'n duidelike ontwikkeling of opbou nie, maar dit benadruk deurgaans dat die afgode waardeloos, magteloos, onnosel en kwesbaar is.

*Die Brief van Jeremia* kan soos volg ingedeel word:

6:1-6 Inleiding

6:7-14 Eerste waarskuwing: Aard van afgodsbeelde

6:15-22 Tweede waarskuwing: Hulpeloosheid van afgode

6:23-28 Derde waarskuwing: Leweloosheid van afgode

6:29-39 Vierde waarskuwing: Daadloosheid van afgode

6:40-44 Vyfde waarskuwing: Belaglikheid van afgodediens

6:45-51 Sesde waarskuwing: Afgode as mensemaaksels

6:52-56 Sewende waarskuwing: Kragteloosheid van afgode

6:57-64 Agtste waarskuwing: Afgode as buit van diewe

6:65-68 Negende waarskuwing: Volkome onmag van afgode

6:69-72 Tiende waarskuwing: Hulpeloosheid van afgode

# 1

## Inleiding

<sup>1-2</sup> \*Dit is die woorde van die •boekrol wat Barug, seun van Neria, seun van Maäsaïas,<sup>a</sup> seun van Sedekia, seun van Asadia, seun van Gelkia,<sup>b</sup> in die vyfde jaar, op die sewende van die maand,<sup>c</sup> in Babilon geskryf het,<sup>\*</sup> in die tyd toe die Galdeërs<sup>d</sup> Jerusalem ingeneem en aan die brand gestee het.

<sup>3</sup> \*Barug het die woorde van hierdie boekrol voorgelees ten aanhore van Jegonia,<sup>e</sup> seun van Jojakim, aan die koning van Juda en ten aanhore van die hele volk, wat daarna kom luister het,<sup>4</sup> en ten aanhore van die magtiges en prinse, ten aanhore van die oudstes<sup>f</sup> en ten aanhore van die hele volk, van klein tot groot, almal wat by die Sudrivier<sup>g</sup> in Babilon gewoon het.

<sup>5</sup> Toe het hulle aanhoudend gehuil en onophoudelik gevas en voortdurend tot die Here gebid,<sup>6</sup> en hulle het geld volgens elkeen se

---

\***1:1-2** 2 Kon 25:8-9; Jer 36:4; 45:1

<sup>a</sup>**1:1-2 Maäsaïas:** Griekse vorm vir Magesjan.

<sup>b</sup>**1:1-2 Gelkia:** Griekse vorm vir Hilkia.

<sup>c</sup>**1:1-2 5de ... maand:** Dit is ongewoon dat die naam van die maand ontbreek.

\***1:1-2 Dit ... geskryf het:** Jer 32:12; 51:59 •MT

<sup>d</sup>**1:1-2 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

\***1:3-4** 2 Kon 23:1-2; 24:8-17; Jer 22:24-30

<sup>e</sup>**1:3 Jegonia:** Griekse vorm vir Jojagin.

<sup>f</sup>**1:4 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

<sup>g</sup>**1:4 Sudrivier:** Een van die kanale in Babilon.

vermoë bymekaargemaak. <sup>7</sup> Hulle het dit na Jerusalem gestuur, na die priester<sup>h</sup> Jojakim, seun van Gelkia, seun van Sallum, en na die priesters, en na die hele volk wat saam met hulle in Jerusalem was. <sup>8</sup> Ondertussen het Barug<sup>i</sup> die voorwerpe van die huis van die Here wat uit die tempel verwyder was, <sup>\*</sup> geneem om op die tiende van die maand Siwan<sup>j</sup> na die land Juda terug te bring. Dit is nou die silwer voorwerpe wat Sedekia, seun van Josia, koning van Juda, gemaak het. <sup>9</sup> <sup>\*</sup>Dit was nadat koning Nebukadnesar<sup>k</sup> van Babilon vir Jegonia en die hoë amptenare, die gevangenes en magtiges, asook die volk van die land, vanaf Jerusalem laat wegvoer en hom na Babilon gebring het.

<sup>10</sup> Hulle het gesê: “Kyk, ons het vir julle geld gestuur. Koop met dié geld vir julle •brandoffers en •reinigingsoffers en wierook, en berei •spysoffers en plaas dit op die altaar van die Here ons God. <sup>11</sup> <sup>\*</sup>Bid dan vir koning Nebukadnesar van Babilon se lewe en vir dié van sy seun Baltasar,<sup>l</sup> sodat hulle dae hier op aarde soos dae in die hemel mag wees. <sup>12</sup> Dan sal die Here vir ons krag gee en Hy sal ons oë verlig. Ons sal onder die beskerming van<sup>m</sup> koning Nebukadnesar van Babilon leef en onder die beskerming van sy seun Baltasar. Ons sal hulle vir 'n lang tyd dien en genade by hulle vind. <sup>13</sup> Julle moet ook vir ons tot die Here ons

---

<sup>h</sup>**1:7 priester:** Dit verwys na die hoëpriester.

<sup>i</sup>**1:8 Barug:** Die •bronteks lui “hy”.

<sup>\*</sup>**1:8 voorwerpe ... was:** 2 Kon 24:13; 2 Kron 36:10

<sup>j</sup>**1:8 Siwan:** Die naam van die derde maand in die Joodse jaar; •Maande.

<sup>\*</sup>**1:9** 2 Kon 24:14; Jer 24:1

<sup>k</sup>**1:9 Nebukadnesar:** Hy het van 605-562 vC regeer en het Jerusalem in 587/586 vC verower.

<sup>\*</sup>**1:11** Esra 6:10; Jer 29:7; Dan 5:1; 1 Tim 2:1-2

<sup>l</sup>**1:11 Baltasar:** In Dan 5:1 Belsasar genoem.

<sup>m</sup>**1:12 onder ... van:** Letterlik ‘onder die skadu’. Die beeld van 'n boom se skaduwee verwys na Nebukadnesar se droom; vgl Dan 4:20-22.

God bid, omdat ons teen die Here ons God gesondig het. Die Here het tot op hierdie dag nog nie sy woede en toorn van ons weggekeer nie.

<sup>14</sup> Julle moet hierdie boekrol wat ons vir julle gestuur het, voorlees om op die feesdag en op vasgestelde dae belydenis te doen in die huis van die Here.”

### Skuldbelydenis

<sup>15</sup> \* “Dan moet julle sê, ‘Aan die Here ons God behoort die geregtigheid, maar die skande behoort vandag aan ons, aan die mense van Juda, aan die inwoners van Jerusalem, <sup>16</sup> \* aan ons konings en heersers, en aan ons priesters, ons profete en ons stamvaders. <sup>17</sup> \* Ons het teen die Here gesondig <sup>18</sup> \* en ons was ongehoorsaam aan Hom. Ons het nie na die stem van die Here ons God geluister deur volgens die voorskrifte van die Here te leef wat Hy persoonlik aan ons opgelê het nie. <sup>19</sup> \* Van die dag wat die Here ons voorouers uit Egipte uitgelei het, tot vandag toe, was ons steeds ongehoorsaam aan die Here ons God. Ons was ongeërg deur nie na sy stem te luister nie. <sup>20</sup> \* Die boosheid en die vloek wat die Here voorgehou het aan Moses, sy kneg, die dag toe hy ons voorouers uit Egipte uitgelei het om vir ons 'n land te gee wat oorloop van melk en heuning, kleef aan ons tot vandag toe. <sup>21</sup> \* Tog het ons nie geluister na die stem van die Here ons God nie, ooreenkomstig al die woorde van die profete wat Hy na ons gestuur het. <sup>22</sup> \* Ons het elkeen die gedagtes

---

\* **1:15 — 2:10** Esra 9:6-7; Neh 9:1-37; Dan 9:4-19; Tob 3:2-5; Bar 2:6,26-27

\* **1:16** Deut 26:15

\* **1:17** Dan 9:5-6

\* **1:18** Tob 3:3-4; Bar 2:10

\* **1:19** Ps 106:6-42; Jer 7:25-26

\* **1:20** Eks 3:8; Lev 26:14-39; Deut 28:15-68; Dan 9:11

\* **1:21** Jer 7:25-26; 25:4

\* **1:22** Eks 20:5; Jes 53:6; Jer 7:24; 11:8

van sy bese hart gevolg deur ander gode te dien en die dinge te doen wat verkeerd is in die oë van die Here ons God.’ ”

## 2

<sup>1</sup> “\*Die Here het sy woord gehou wat Hy oor ons uitgespreek het — oor ons regters wat reg gespreek het oor Israel, oor ons konings, oor ons hoë amptenare en oor die mense van Israel en Juda. <sup>2</sup> Onder die ganse hemel is niks gedoen soos Hy in Jerusalem gedoen het nie — ooreenkomstig dit wat opgeteken staan in die Wet van Moses: <sup>3</sup> \* dat ons sou eet, die een persoon die vleis van sy seun, die ander persoon die vleis van sy dogter. <sup>4</sup> \*Hy het hulle as onderdrukte aan al ons omringende koninkryke oorgegee om verag te word en verlate te wees onder al die omringende volke waarheen die Here hulle verstrooi het. <sup>5</sup> \* Ons is onderwerp en nie verhef nie, want ons het teen die Here ons God gesondig deurdat ons na sy stem nie geluister het nie. <sup>6</sup> \* Aan die Here ons God behoort die geregtigheid, maar die skande behoort vandag aan ons en aan ons vaders — <sup>7</sup> dit wat die Here oor ons uitgespreek het, al daardie slegte dinge het oor ons gekom. <sup>8</sup> Ook het ons ons nie in gebed tot die aangesig van die Here gewend sodat elkeen terug kon draai van die gedagtes van sy bese hart nie. <sup>9</sup> \* Maar die Here het die kwaad in gedagte gehou en die Here het dit oor ons laat kom, omdat die Here regverdig is in al sy opdragte wat Hy ons gegee het.

---

\*2:1 Dan 9:12-13

\*2:3 Lev 26:29; Deut 28:53-57; Klaagl 2:20; 4:10

\*2:4 Deut 28:37; 29:27-28; Jer 29:18-19; 44:22-23

\*2:5 Deut 28:43

\*2:6 Dan 9:7-8; Bar 1:15

\*2:9 Jer 1:12; 44:27; Dan 9:14

<sup>10</sup> \*Ook het ons nie na sy stem geluister deur die voorskrifte van die Here na te kom wat Hy persoonlik aan ons gegee het nie.’ ”

### Gebed om vergifnis

<sup>11</sup> “ \*En nou, Here, God van Israel, U wat u volk uit Egipte uitgelei het met 'n kragtige hand, met tekens en wonders, met groot krag en met 'n verhewe arm — U het vir U 'n Naam tot op hierdie dag gemaak. <sup>12</sup> \*Ons het gesondig wat al u voorskrifte betref: Ons het goddeloos opgetree, ons het onreg gepleeg, Here ons God. <sup>13</sup> \*Keer tog u woede van ons weg, want min van ons het oorgebly tussen die heidennasies onder wie U ons verstrooi het. <sup>14</sup> \*Luister, o Here, na ons gebed, na ons smeekgebed! Bevry ons ter wille van Uself! Gee vir ons genade by diegene wat ons weggevoer het, <sup>15</sup> \*sodat die hele aarde kan weet dat U, Here, ons God is, dat u Naam oor Israel en sy nageslag uitgeroep is. <sup>16</sup> \*O Here, kyk vanuit u heilige woning af en dink aan ons! Here, draai u oor na ons en luister! <sup>17</sup> \*O Here, open u oë en kyk, want die dooies wat in Hades<sup>n</sup> is, hulle wie se gees van hulle ingewande verwyder is, hulle sal nie eer en reg aan die Here laat toekom nie. <sup>18</sup> \*Maar 'n diepbedroefde mens<sup>o</sup> wat

---

\*2:10 Bar 1:18

\*2:11 Deut 6:21-22; Jer 32:20-21; Dan 9:15-16

\*2:12 Ps 106:6

\*2:13 Bar 2:29

\*2:14 Dan 9:17

\*2:15 Eks 19:5-6; Dan 9:19

\*2:16 Deut 26:15

\*2:17 Ps 6:6; Jes 38:18

<sup>n</sup>2:17 **Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

\*2:18 Deut 28:65; Ps 74:21

<sup>o</sup>2:18 **mens:** Letterlik ‘siel’. Dit verwys na die mens se gemoed met sy emosies en stemmings.



krom loop, swak is, verswakte oë het en 'n honger mens<sup>p</sup> is, sal aan U eer en geregtigheid laat toekom, Here. <sup>19</sup> \*Die regverdige daede van ons voorouers en ons konings is immers nie die rede waarom ons ons pleidooi om medelye voor u aangesig neerwerp nie, <sup>20</sup> want U het u woede en u toorn oor ons gestuur, soos wat U deur u dienaars, die profete, gesê het: <sup>21</sup> “\*So het die Here gesê, ‘Buig julle skouers en werk vir die koning van Babilon en woon daarna in die land wat Ek vir julle vaders gegee het. <sup>22</sup> Maar as julle nie na die stem van die Here luister deur te werk vir die koning van Babilon nie, <sup>23</sup> \*sal Ek sorg dat die stem van blydschap en van vreugde, van 'n bruidegom en 'n bruid, in die stede van Juda en buite Jerusalem tot 'n einde kom en sal die hele land onbewoonbaar wees vir hulle wat daarin woon.’ ” <sup>24</sup> \*Maar toe ons u stem nie gehoorsaam het om vir die koning van Babilon te werk nie, het U u woorde bevestig wat U deur u dienaars, die profete, gespreek het, dat die beendere van ons konings en die beendere van ons vaders uit hulle rusplek gehaal moet word. <sup>25</sup> \*En kyk, dit is so dat hulle aan die hitte van die dag en die ryp van die nag blootgestel is. Hulle het 'n pynlike dood gesterf deur honger, die swaard en die pes. <sup>26</sup> Toe het U die huis waaroor u Naam uitgeroep is, gemaak soos dit tot op hierdie dag is — weens die boosheid van die huis van Israel en van Juda. <sup>27</sup> Tog het U teenoor ons opgetree, o Here ons God, in ooreenstemming met al u deernis, al u groot medelye, <sup>28</sup> soos U deur u dienaar Moses gesê het op die dag toe U hom beveel het om u Wet voor die Israeliete neer te

---

<sup>p</sup>**2:18 mens:** Vgl vorige voetnoot.

\***2:19** Jer 43:7 (36:7 •Septuagint); Dan 9:18

\***2:21** Jer 27:10-12

\***2:23** Jer 7:34; 16:9

\***2:24** Jer 8:1-2

\***2:25** Jer 14:12; 21:7; 36:30; 39:36 (32:36 Septuagint)

skryf: <sup>29</sup> “\*As julle nie my stem gehoorsaam nie, sal hierdie baie groot en rumoerige skare verander in 'n klein groepie onder die heidennasies waarheen Ek hulle sal verstrooi — <sup>30</sup> \*\* omdat Ek weet dat hulle My beslis nie sal gehoorsaam nie, omdat hulle 'n halsstarrige volk is. Maar in die land van hulle ballingskap sal hulle tot hulle sinne kom. <sup>31</sup> \*Hulle sal weet dat Ek die Here hulle God is. Ek sal vir hulle 'n hart gee wat verstaan<sup>q</sup> en ore wat luister. <sup>32</sup> Hulle sal My in die land van hulle ballingskap prys en hulle sal my Naam onthou. <sup>33</sup> \*Hulle sal wegdraai van hulle hardkoppigheid<sup>r</sup> en van hulle bose daede, want hulle sal die weg van hulle vaders onthou wat teen die Here gesondig het. <sup>34</sup> Dan sal Ek hulle in die land terugbring wat Ek met 'n eed aan hulle vaders beloof het, aan Abraham, aan Isak en aan Jakob, en hulle sal daaroor heers. Ek sal hulle vermeerder en hulle sal hoegenaamd nie minder word nie. <sup>35</sup> \*Ek sal met hulle 'n ewige verbond sluit om vir hulle 'n God te wees en hulle sal vir My 'n volk wees. Ek sal nie langer my volk Israel uit die land wat Ek aan hulle gegee het, verwyder nie.” ’ ’ ”

### 3

<sup>1</sup> “ ‘Here, Almagtige God van Israel, 'n siel<sup>s</sup> in benoudheid en 'n beangste gees roep tot U! <sup>2</sup> Hoor tog, o Here, en betoon ontferming,

---

\***2:29** Lev 26:39; Deut 4:27; 28:62

\***2:30-35** Lev 26:44-45

\***2:30** Deut 30:1-2; 31:27; Sag 10:9

\***2:31** Deut 29:3; 30:6; 1 Kon 3:9 (3 Kon 3:9 Septuagint); Eseg 36:26

<sup>q</sup>**2:31 wat verstaan:** Ontbreek in die •bronteks, maar word veronderstel.

\***2:33** Deut 30:9-10

<sup>r</sup>**2:33 hardkoppigheid:** Letterlik ‘harde rug’.

\***2:35** Jer 31:31; Eseg 37:26

<sup>s</sup>**3:1 siel:** Die mens se gemoed met sy emosies en stemmings.

want ons het teen U gesondig. <sup>3</sup>\*Want U regeer vir ewig, maar ons vergaan vir ewig. <sup>4</sup>Here, Almagtige God van Israel, hoor tog die gebed van die gestorwenes van Israel en van hulle kinders wat voortdurend teen U sondig en nie na die stem van die Here hulle God geluister het nie. Die kwaad kleef ons aan. <sup>5</sup>Moenie die ongeregtighede van ons vaders onthou nie, maar onthou eerder u mag en u Naam in hierdie krisistyd.\* <sup>6</sup>Want U is die Here ons God en ons sal U prys, o Here! <sup>7</sup>Want daarom het U ontsag vir U op ons harte gelê, sodat ons u Naam kan aanroep. Ons sal U in ons ballingskap prys, want ons het elke ongeregtigheid van ons vaders, wat teen U gesondig het, van ons harte weggekeer. <sup>8</sup>\*Kyk, ons is vandag in die plek van ons ballingskap waarheen U ons verstrooi het tot smaad en tot vervloeking en tot straf, ooreenkomstig al die ongeregtighede van ons vaders — hulle wat afvallig van die Here ons God geraak het.’ ”

### Lied van Wysheid

<sup>9</sup>\*Luister, Israel, na die gebooie  
van die lewe;  
gee gehoor daaraan sodat julle insig  
kan verwerf.

<sup>10</sup>Waarom is dit dan, o Israel,  
waarom is dit dat jy in die land  
van die vyand is,  
jy oud geword het in 'n vreemde land,  
<sup>11</sup>jy verontreinig is deur die dooies,

---

\*3:3 Ps 29:10; Klaagl 5:19

\*3:5 onthou ... krisistyd: Jes 56:5

\*3:8 Bar 2:4

\*3:9 Deut 6:4; 30:15-20; Spr 4:20-22; Bar 4:1

jy saam met dié in Hades<sup>t</sup> gereken is?

<sup>12</sup>\* Jy het die bron van die wysheid  
verlaat.

<sup>13</sup>\* As jy die weg van God gevolg het,  
sou jy vir ewig in vrede geleef het.

<sup>14</sup>\* Leer waar insig is,  
waar sterkte is,  
waar begrip is,  
sodat jy terselfdertyd kan weet  
waar daar lengte van dae is en lewe,  
waar daar lig vir die oë is en vrede.

<sup>15</sup>\* Wie het haar<sup>u</sup> plek gevind  
en wie het haar skatkamers  
binnegegaan?

<sup>16</sup>\* Waar is die hoë amptenare  
van die heidennasies,  
waar is die heersers oor die wilde diere  
op aarde —

<sup>17</sup> hulle wat hulle tyd verdryf met voëls,  
en wat silwer en goud as skat versamel

---

<sup>t</sup>**3:11 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

\***3:12** Spr 14:27; Jer 2:13

\***3:13** Jes 48:18

\***3:14** Spr 3:2; 8:14

\***3:15** Job 28:12-27

<sup>u</sup>**3:15 haar:** Die Wysheid (*Sofia* in Grieks) word altyd in 'n vroulike vorm aangedui.

\***3:16** Jer 27:6; Judit 11:7

waarop mense vertrou?  
Daar is geen einde  
aan hulle besittings nie,  
<sup>18</sup> hulle wat die silwer kunstig  
bewerk en daaroor besorg is,  
maar daar is geen spoor  
van hulle handewerk nie.  
<sup>19</sup> Hulle het verdwyn  
en in Hades neergedaal,  
maar ander het in hulle plek opgestaan.  
<sup>20</sup> Jongmense het die lig gesien  
en op die aarde kom woon,  
maar die weg van kennis  
het hulle nie leer ken nie —  
<sup>21</sup> haar paaie het hulle nie verstaan nie  
en 'n greep op Wysheid het hulle  
nie gekry nie.  
Hulle kinders het die pad byster geraak.  
<sup>22</sup> \*Sy is nóg in Kanaän gehoor,  
nóg in Teman gesien.  
<sup>23</sup> \*Ook het die kinders van Hagar,  
wat begrip op aarde gesoek het,  
die handelaars van Merran  
en Teman,  
die vertellers van stories  
en die soekers na begrip,  
nie die weg van Wysheid leer ken nie

---

\*3:22 Jer 49:7

\*3:23 Gen 25:12-16

en nie haar paaie onthou nie.

<sup>24</sup> \* O Israel, hoe groot  
is die huis van God<sup>v</sup>  
en hoe uitgestrek die gebied  
van sy eiendom.

<sup>25</sup> Dit is groot en het geen einde nie;  
dit is hoog en onmeetlik.

<sup>26</sup> \* Daar is die reuse gebore,  
die beroemdes van die begin af —  
hulle het reusagtig groot geword,  
hulle was kenners van die oorlog.

<sup>27</sup> \* God het hulle egter nie uitgekies nie,  
ook die weg van kennis  
nie vir hulle gegee nie.

<sup>28</sup> Hulle het toe omgekom  
vanweë hulle gebrek aan insig;  
hulle het omgekom  
vanweë hulle onkunde.

<sup>29</sup> \* Wie het in die hemel opgeklim  
en haar geneem,  
haar uit die wolke afgebring?\*

<sup>30</sup> Wie het na die oorkant van die see

---

\* **3:24** Jes 66:1-2

<sup>v</sup> **3:24 huis van God:** Verwys hier na die skepping.

\* **3:26** Gen 6:4; Deut 2:21; Wys 14:6

\* **3:27** 1 Sam 16:7

\* **3:29** Deut 30:11-14; Wys 9:4; Sir 1:2-3; Joh 3:13

\* **3:29 uit ... afgebring:** Rom 10:7

gegaan en haar gevind,  
en wie sal haar vir uitgesoekte goud  
bekom?

<sup>31</sup> Daar is nie een wat haar weg ken nie,  
ook nie een wat oor haar pad  
nadink nie;

<sup>32</sup> \* maar die Een wat alles weet,  
ken haar;

met sy verstand het Hy haar gevind,  
dié Een wat die aarde vir ewig  
gevorm het;

Hy het dit met viervoetige diere gevul.

<sup>33</sup> Hy wat die lig uitstuur en dit gaan,  
Hy het dit geroep en dit het Hom  
bewend gehoorsaam.

<sup>34</sup> \* Die sterre het in hulle wagbeurte  
geskyn en was vol vreugde.

<sup>35</sup> Hy het hulle geroep en hulle het gesê:  
“Hier is ons!”

Hulle het vol vreugde geskyn  
vir hulle Skepper.

<sup>36</sup> \* Hy is ons God; niemand kan  
met Hom vergelyk word nie.

<sup>37</sup> \* Hy het elke weg van kennis gevind  
en Hy het haar vir sy dienskneg

---

\* **3:32** Job 28:12-24; Sir 1:6-9

\* **3:34** Job 38:7; Sir 43:9-10

\* **3:36** Ps 100:3; Jes 40:22-31

\* **3:37** Sir 24:8,10-12

Jakob en vir Israel,<sup>w</sup>  
sy geliefde, gegee.

<sup>38</sup> \*Daarna het sy op aarde verskyn  
en saam met die mense geleef.

## 4

<sup>1</sup> \*Dit is die •boekrol<sup>x</sup>  
met die voorskrifte van God  
en die Wet wat duur tot in ewigheid.

Almal wat aan haar<sup>y</sup> vashou, sal leef,  
maar dié wat haar verlaat, sal sterf.

<sup>2</sup> \*Keer terug, Jakob, en gryp haar aan;  
reis verder na die helder glans  
van haar lig.

<sup>3</sup> Moenie jou verering aan 'n ander gee  
en wat vir jou voordelig is,  
aan 'n vreemde nasie nie.

<sup>4</sup> \*Gelukkig is ons, Israel,  
omdat dit wat vir God aanneemlik is,  
aan ons bekend is.

---

<sup>w</sup>**3:37 Jakob ... Israel:** Vgl Gen 32:28.

\***3:38** Spr 8:31; Wys 9:10; Joh 1:14

\***4:1** Spr 1:32-33; 8:35-36; Sir 24:23

<sup>x</sup>**4:1 Dit ... boekrol:** Word ook vertaal “Sy (Wysheid) is die boekrol”.

<sup>y</sup>**4:1 haar:** Die Wysheid (*Sofia* in Grieks) word altyd in 'n vroulike vorm aangedui.

\***4:2** Spr 6:23; Joh 8:12

\***4:4** Deut 4:8,32-37; Ps 147:19-20; Wys 9:18



## Gedig ter bemoediging

- <sup>5</sup> \*Skep moed, my volk,  
wat die nagedagtenis van Israel  
bewaar!
- <sup>6</sup> \*Julle is aan die heidennasies  
verkoop —  
nie om julle te vernietig nie,  
maar omdat julle God vertoorn het,  
is julle aan teenstanders oorgegee.
- <sup>7</sup> \*Want julle het julle Skepper uitgetart  
deurdat julle aan demone,  
en nie aan God nie, geoffer het.
- <sup>8</sup> \*Julle het Hom vergeet,  
die ewige God wat julle versorg het,  
en julle het ook Jerusalem bedroef  
wat julle grootgemaak het.
- <sup>9</sup> \*Want sy het die toorn gesien  
wat van God oor julle gekom het  
en sy het gesê: “Luister, bure van Sion,  
God het groot smart oor my gebring,  
<sup>10</sup> want ek het die gevangenskap  
van my seuns en dogters gesien  
wat die Ewige oor hulle gebring het.
- <sup>11</sup> Want met vreugde

---

\* 4:5 Jes 41:8-10,14

\* 4:6 Jes 50:1; 52:3

\* 4:7 Deut 32:15-18; Ps 106:37; 1 Kor 10:20

\* 4:8 Deut 32:5,10; Jes 1:2

\* 4:9 Klaagl 1:11-22

het ek hulle grootgemaak,  
maar met weeklag en rou  
het ek hulle laat gaan.

<sup>12</sup> \*Laat niemand oor my,<sup>z</sup> die weduwee,  
ek wat deur so baie verlaat is,  
verheug wees nie.

Ek is verlate as gevolg van my kinders  
se sondes,  
omdat hulle van die wet van God  
afgewyk het.

<sup>13</sup> Hulle het sy voorskrifte nie erken nie,  
op die weë van God se gebooie  
het hulle ook nie geloop nie,  
en hulle het ook nie die paaie  
van dissipline betree nie.

<sup>14</sup> Laat die bure van Sion kom —  
dink aan die gevangenskap  
van my seuns en my dogters  
wat die Ewige oor hulle gebring het,

<sup>15</sup> \*want Hy het 'n heidennasie  
uit die verte oor hulle gebring —  
'n nasie, skaamteloos en met  
'n ander taal,  
wat 'n ou man nie eerbiedig<sup>a</sup> nie  
en ook met 'n kind nie medelye het nie.

---

\* **4:12** Klaagl 1:1-2

<sup>z</sup>**4:12 my:** Dit verwys na Jerusalem.

\* **4:15** Deut 28:49-50; Jer 5:15-17; 6:22-23

<sup>a</sup>**4:15 eerbiedig:** Letterlik 'skaam wees'.

<sup>16</sup> Hulle het die weduwee  
se geliefde seuns ontvoer  
en die eensame vrou  
van haar dogters beroof.

<sup>17</sup> “Maar ek, hoe kan ek julle help?

<sup>18</sup> \*Want Hy wat die kwaad  
oor julle gebring het,  
Hy sal julle uit die hand  
van julle vyande bevry.

<sup>19</sup> Gaan weg, kinders, gaan weg,  
want ek is verlate agtergelaat.

<sup>20</sup> \*Ek het die lang stola<sup>b</sup> van vrede  
uitgetrek  
en die roukleed<sup>c</sup> van my smeekgebed  
aangetrek.

Ek sal my lewe lank tot die Ewige roep.

<sup>21</sup> Skep moed, kinders!

Roep tot God  
en Hy sal julle uit oorheersing,  
uit die hand van die vyande, bevry.

<sup>22</sup> Want ek het my hoop gevestig  
op die Ewige om julle te red;

---

\* **4:18** Hos 6:1

\* **4:20** Bar 5:1-2

<sup>b</sup>**4:20 lang stola:** 'n Lang gewaad wat byvoorbeeld deur skrifkenners, priesters en geleerdes gedra word tydens besondere geleenthede. Dit strek tot op die voete en is 'n simbool van hoë status en waardigheid; •Kleredrag.

<sup>c</sup>**4:20 roukleed:** As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

toe het vreugde van die heilige Een  
na my gekom, vanweë sy ontferming  
wat binnekort na julle sal kom  
van julle ewige Redder.

<sup>23</sup> \*Want ek het julle weggestuur  
met rou en geweeklaag,  
maar God sal julle weer  
aan my teruggee —  
met ewige vreugde en blydschap.

<sup>24</sup> \*Want soos die bure van Sion nou  
julle gevangenskap gesien het,  
so sal hulle binnekort julle redding  
deur God sien,  
wat na julle sal kom van die Ewige  
met groot heerlikheid en glans.

<sup>25</sup> \*Kinders, verdra met geduld  
die toorn wat van God af  
oor julle gekom het.

Jou vyand het jou agtervolg,  
maar jy sal binnekort  
hulle vernietiging sien  
en jy sal op hulle nek trap.<sup>d</sup>

<sup>26</sup> My brose kinders het

---

\* **4:23** Jer 31:12-13

\* **4:24** Jes 60:1-3

\* **4:25** Jes 51:23

<sup>d</sup>**4:25 op ... trap:** 'n Bekende praktyk in die ou Nabye Ooste dat die koning wat 'n volk verower het met sy voet op die nek van sy vyand wat hy oorwin het, trap terwyl dié voor hom kniel; vgl Ps 110:1.

op ruwe paaie gereis;  
hulle is weggevoer soos 'n kudde  
deur vyande geroof.

<sup>27</sup> \*Skep moed, kinders, en roep tot God,  
want Hy wat dit oor julle gebring het,  
Hy sal weer aan julle dink.

<sup>28</sup> \*Want soos die gedagte  
by julle ontstaan het  
om van God weg te dwaal,  
so moet julle met tienvoudige ywer<sup>e</sup>  
terugkeer om Hom te seek.

<sup>29</sup> Want die Een wat die kwaad  
oor julle gebring het,  
sal saam met julle redding  
vir julle ewige vreugde bring.”

<sup>30</sup> \*Skep moed, Jerusalem,  
die Een wat jou jou naam gegee het,  
sal jou vertroos.

<sup>31</sup> \*Verdoem sal hulle wees  
wat jou sleg behandel het  
en wat hulle oor jou val  
verheug het.

---

\* **4:27** Bar 4:5

\* **4:28** Deut 4:29; Jer 29:13-14

<sup>e</sup> **4:28 ywer:** Ontbreek in die •bronteks, maar word veronderstel.

\* **4:30** Jes 43:1

\* **4:31** Ps 137:7

<sup>32</sup> \*Verdoem sal die stede<sup>f</sup> wees  
wat jou kinders verkneg het;

verdoem sal sy wees

wat jou kinders ontvang het,

<sup>33</sup> \*want soos sy oor jou val

bly geword het

en haar oor jou verwoesting

verheug het,

net so sal sy oor haar eie

verlatenheid treur.

<sup>34</sup> Ek sal die gejubel

oor haar groot bevolking

van haar wegneem

en haar trots sal in smart verander.

<sup>35</sup> \*Want vuur van die Ewige af

sal baie dae lank oor haar kom

en sy sal vir 'n baie lang tyd

deur demone bewoon word.<sup>g</sup>

<sup>36</sup> \*Kyk om jou heen, Jerusalem,

na die ooste,<sup>\*</sup>

en sien die vreugde wat van God af

---

\* **4:32** Jes 13:19

<sup>f</sup>**4:32 stede:** Dit verwys na Babilon.

\* **4:33** Jer 50:12,35-36

\* **4:35** Jes 34:9-10,14

<sup>g</sup>**4:35 deur ... word:** Daar was die opvatting dat 'n verlate stad deur demone bewoon word; vgl Jes 13:21-22; 34:14; 51:37; Op 18:2.

\* **4:36-37** Jes 60:4-5

\* **4:36** Kyk ... ooste: Jes 60:4

na jou toe kom.  
<sup>37</sup> \*Kyk, jou kinders kom,  
hulle wat jy weggestuur het.  
Hulle kom, van die ooste tot die weste,  
versamel deur die woord  
van die Heilige,\*  
en verheug hulle  
in die heerlikheid van God.

## 5

<sup>1</sup> \*Jerusalem, trek uit jou kleed  
van smart<sup>h</sup> en mishandeling  
en trek vir altyd die prag aan  
van die heerlikheid  
wat van God kom.  
<sup>2</sup> \*Hang 'n dubbele kleed om  
van die geregtigheid  
wat van God kom.  
Draai 'n tulband om jou kop  
van die Ewige se heerlikheid.  
<sup>3</sup> Want God sal jou glans aan almal  
onder die hemel toon,  
<sup>4</sup> \*want die naam wat God jou noem,

---

\* **4:37** Jes 49:12; Tob 13:13; Bar 5:5-6; Matt 8:11

\* **4:37 Hulle ... Heilige:** Jes 43:5

\* **5:1** Jes 52:1; 61:3,10; Bar 4:20

<sup>h</sup>**5:1 kleed van smart:** Die •bronteks lui “stola van smart”; •Kleredrag.

\* **5:2** Eks 29:6; Lev 8:9; Jes 61:10

\* **5:4** Jer 33:16 •Septuagint; Sag 14:11

sal vir ewig klink:  
“Vrede deur Geregtigheid en  
Heerlikheid deur Godvresendheid”.

<sup>5</sup> \*Staan op, Jerusalem,  
klim op die hoogte,  
kyk om jou heen na die ooste  
en sien jou kinders wat versamel is —  
van waar die son ondergaan  
tot waar die son opkom —  
deur die woord van die Heilige,  
terwyl hulle verheug is  
omdat God hulle onthou het.\*

<sup>6</sup> \*Want hulle het te voet  
van jou weggegaan,  
deur hulle vyande weggevoer,  
maar God sal hulle na jou teruglei,  
met heerlikheid gedra,  
soos op 'n koningstroon.

<sup>7</sup> \*Want God het beveel  
dat elke hoë berg  
en die ewige heuwels  
plat gemaak moet word,  
dat die valleie tot gelyk grond  
opgevul moet word,

---

\*5:5 Bar 4:37

\*5:5 kyk ... onthou het: Jes 49:18; 60:4

\*5:6 Jes 49:22; 60:4; Matt 8:11

\*5:7 Jes 40:3-5; 42:16; 45:2



sodat Israel veilig kan leef  
in die heerlikheid van God.

<sup>8</sup>\*Die woude en ook elke geurige boom  
sal vir Israel skadu bied  
op bevel van God,  
<sup>9</sup>want God sal Israel met vreugde  
lei deur die lig van sy heerlikheid,  
en met die ontferming en geregtigheid  
wat van Hom af kom.

## 6

### Die Brief van Jeremia

\*'n Afskrif van 'n brief wat Jeremia gestuur het aan die ballinge wat weggevoer sou word na Babilon deur die koning van die Babiloniërs. Dit bevat 'n boodskap aan hulle soos dit deur God aan hom opgedra is.

### Inleiding

<sup>1</sup> Vanweë die sondes wat julle teen God gepleeg het, sal julle as krygsgevangenes na Babilon weggevoer word deur Nebukadnesar, koning van die Babiloniërs. <sup>2</sup> Wanneer julle eers in Babilon is, sal julle vir baie jare, vir 'n lang tyd, daar bly woon — tot sewe geslagte lank. Daarna sal Ek julle in vrede daarvandaan uitlei. <sup>3</sup> Maar nou sal julle in Babilon gode van silwer, goud en hout sien wat op skouers gelig word<sup>i</sup> en wat vrees inboesem by die nasies. <sup>4</sup> Pasop dan dat julle nie heeltemal soos die vreemde stamme word en vrees vir hulle gode julle beetpak nie

---

\*5:8 Jes 41:19; 55:13

\*Die Brief van Jeremia: Jer 29:1; 2 Mak 2:1-3

<sup>i</sup>6:3 wat ... gelig word: 'n Bekende Babiloniese gebruik waar gode op mense se skouers rondgedra is; vgl Jes 46:7; Jer 10:3-5.

— <sup>5</sup> selfs al sien julle 'n menigte voor en agter die gode wanneer hulle die gode aanbid. Sê dan in julle gedagte: “Here,<sup>j</sup> vir Ú moet ons aanbid.” <sup>6</sup> \*Want my engel is by julle; hy ondersoek julle siele.<sup>k</sup>

### Eerste waarskuwing: Aard van afgodsbeelde

<sup>7</sup> \*Die tonge<sup>l</sup> van afgodsbeelde is glad geskuur deur 'n skrynwerker en hulle is verguld en versilwer.<sup>m</sup> Maar dit is alles bedrog en hulle kan nie praat nie. <sup>8</sup> Soos vir 'n praalsieke meisie neem hulle goud waaruit hulle krone maak vir die koppe van hulle gode. <sup>9</sup> Soms gebeur dit ook dat die priesters goud en silwer van hulle gode sal verduister en op hulleself sal spandeer, en dat hulle daarvan vir tempelprostitute sal gee. <sup>10</sup> Hulle verfraai hulle gode met klere asof hulle mense is — hierdie gode van silwer, goud en hout. Maar hulle red hulleself nie eers van roes en van wurmkos word nie. <sup>11</sup> Die gode is wel omhul in 'n purper kleed, maar hulle gesigte moet afgevee word weens die stof uit die tempel wat dik op hulle lê. <sup>12</sup> So 'n god hou 'n septer vas soos 'n mens, 'n distriksregter, maar hy kan nie diegene wat teen hom oortree, doodmaak nie. <sup>13</sup> In sy regterhand<sup>n</sup> hou hy 'n dolk en 'n oorlogsbyl, maar hy sal homself nie van oorlog en rowers kan bevry nie.

<sup>14</sup> Kennelik is hulle nie gode nie. Julle moet hulle dus nie vrees nie.

---

<sup>j</sup>6:5 **Here:** Die Griekse woord hier is *despotes*. Gewoonlik is dit die woord *kurios* wat vertaal word as “Here”.

\*6:6 Eks 23:21-22; Deut 5:7

<sup>k</sup>6:6 **siele:** Die mens se bewuste, innerlike self.

\*6:7 Jes 40:19-20; 41:7; 46:6-7; Wys 15:15; Bar 6:50

<sup>l</sup>6:7 **tonge:** Die tong word geassosieer met spraak.

<sup>m</sup>6:7 **tonge ... versilwer:** Sommige afgode is uitgebeeld met 'n oop mond en prominente tong omdat hulle profesieë moes aankondig; vgl Ps 115:4-5; 135:15-16a.

<sup>n</sup>6:13 **regterhand:** Dit verwys na dié hand wat meesal die gebruikshand is en waarnaas die linkerhand 'n ondersteunende rol speel.

## **Tweede waarskuwing: Hulpeloosheid van afgode**

<sup>15</sup> \*Want soos iemand se gebruiksvoorwerp nutteloos word wanneer dit gebreek is, net so is hulle gode wanneer hulle in die tempels neergesit word. <sup>16</sup> Hulle oë is vol van die stof van die voete wat daar ingaan.

<sup>17</sup> Iemand wat die koning beledig het en ter dood veroordeel is, word in die binneplein toegesluit; net so verskans die priesters die gode agter deure, slotte en grendels sodat rowers hulle nie plunder nie. <sup>18</sup> Hoewel die gode niks daarvan kan sien nie, steek die priesters baie lampe op — selfs meer vir die gode as vir hulleself. <sup>19</sup> Dit is met die gode soos met 'n balk uit hulle tempel: Hulle hart word van binne uitgevreet,<sup>o</sup> by wyse van spreke. Allerlei goggas kom uit die grond en vreet hulle en hulle klere op, en hulle kom dit nie eers agter nie. <sup>20</sup> Hulle gesigte is swart van die rook wat uit die tempel kom. <sup>21</sup> Om hulle lyf en kop fladder vlermuise, swaeltjies en allerhande ander voëls — selfs katte gaan op hulle sit.

<sup>22</sup> Hieruit sal julle weet dat hulle nie gode is nie. Julle moet hulle dus nie vrees nie.

## **Derde waarskuwing: Leweloosheid van afgode**

<sup>23</sup> Die gode is met goud ter versiering bedek, maar as iemand die aanslag nie opvryf nie, gaan hulle beslis nie blink nie. Selfs toe hulle gegiet is, was hulle van niks bewus nie. <sup>24</sup> \*Hulle is teen die hoogste prys aangekoop, tog is daar geen asem in hulle nie. <sup>25</sup> \*Omdat hulle nie voete het nie, word hulle op die skouers gedra, en bewys hulle daardeur aan die mense hulle eie nutteloosheid. Selfs hulle eie tempeldienaars skaam

---

\*6:15 Jer 22:28

<sup>o</sup>6:19 uitgevreet: Letterlik 'uitgelek'.

\*6:24-25 Jes 46:6-7; Hab 2:19

\*6:25 Ps 97:7; Jes 42:17; Bar 6:38

hulle daarvoor dat die god, indien dit op die grond sou val, weer deur hulle staan gemaak moet word. <sup>26</sup> \*En as iemand dit weer regop plaas, kan dit nie vanself beweeg nie, en as dit skuins oorhel, kan dit beslis ook nie orent kom nie. Maar net soos vir dooies, word geskenke voor hulle neergesit. <sup>27</sup> Hulle priesters misbruik die offervleis deurdat hulle dit verkoop. Net so ook misbruik hulle vroue van die offervleis deur dit te pekel, maar hulle gee daarvan nóg aan die armes, nóg aan die hulpbehoewendes.\* Boonop raak vroue wat menstrueer of so pas 'n bevalling gehad het, aan die offers.\*

<sup>28</sup> Aangesien julle dan hieruit weet dat hulle nie gode is nie, moet julle hulle nie vrees nie.

#### **Vierde waarskuwing: Daadloosheid van afgode**

<sup>29</sup> Waarom sou hulle dan gode genoem word? Dit is dan vroue wat die gode van silwer, goud en hout bedien. <sup>30</sup> En in hulle tempels sit die priesters met geskeurde klere, hulle koppe kaalgeskeer, hulle baarde afgeskeer en hulle hoofde ontbloot, <sup>31</sup> terwyl hulle weeklaag en skreeu voor hulle gode soos sommige rouklaers by 'n begrafnismaaltyd. <sup>32</sup> Die priesters neem ook van die gode se<sup>p</sup> klere om daarmee hulle vroue en kinders te klee. <sup>33</sup> As die gode<sup>q</sup> aan die hand van iemand iets kwaads of goeds ervaar, sal hulle so iemand nie kan terugbetaal nie. Hulle kan nóg 'n koning aanstel, nóg hom onttroon.\* <sup>34</sup> Net so kan hulle glad geen rykdom óf glad geen geld uitdeel nie. As iemand wat 'n eed teenoor hulle gesweer het, dit glad nie gestand doen nie, sou hulle dit glad nie

---

\*6:26 Wys 13:16

\*6:27 gee ... hulpbehoewendes: Deut 14:28-29; 26:12-13

\*6:27 Boonop ... offers: Lev 12:4; 15:19-30; 20:18

<sup>p</sup>6:32 gode se: Letterlik 'hulle'.

<sup>q</sup>6:33 die gode: Letterlik 'hulle'.

\*6:33 Hulle kan ... onttroon: Bar 6:52

kon afdwing nie. <sup>35</sup> Hulle sal glad nie iemand uit die dood kan red nie, ook glad nie 'n swakke teen 'n sterke beskerm nie. <sup>36</sup> \*Hulle kan glad nie aan 'n blinde persoon sy sig teruggee nie, ook glad nie 'n behoeftige se nood verlig nie. <sup>37</sup> \*Hulle sou hulle glad nie oor 'n weduwee kon ontferm nie, ook nie 'n weeskind versorg nie. <sup>38</sup> Hierdie houtgoed wat verguld en versilwer is, kan vergelyk word met klippe wat in die berg gekap is. En hulle tempeldienaars sal beskaamd staan.

<sup>39</sup> Hoe kan hulle dan as gode beskou of gode genoem word?

### Vyfde waarskuwing: Belaglikheid van afgodediens

<sup>40</sup> \*Hierbenewens maak die Galdeërs<sup>r</sup> self hierdie gode belaglik, want wanneer hulle 'n stom man teenkom, een wat nie kan praat nie, bring hulle hom na Bel<sup>s</sup> met die versoek dat Bel hom laat praat — so asof Bel hom kan verstaan! <sup>41</sup> Alhoewel hulle dit self bemerk het, kan hulle die gode nie laat staan nie, want hulle het geen insig nie. <sup>42</sup> Die vrouens, omgord met biesiestringe, lê in die strate rond en brand semels<sup>t</sup> as wierook. <sup>43</sup> En wanneer een van hulle weggetrek is deur een van die verbygangers om gemeenskap te hê, spot sy die vrou langs haar omdat dié nie waardig geag is soos sy nie en haar biesiestring nog nie stukkend is nie.<sup>u</sup> <sup>44</sup> Alles wat met die gode gedoen word, is vals.

---

\* **6:36** Deut 32:39

\* **6:37** Deut 10:18; Ps 68:6; 146:7-8

\* **6:40** Jes 46:1

<sup>r</sup>**6:40 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

<sup>s</sup>**6:40 Bel:** Een van die Galdeërs se afgode.

<sup>t</sup>**6:42 biesiestringe ... semels:** Die biesiestringe en semels is simbole van tempelprostitusie; vgl Job 36:8; Ps 139:6; Jes 3:24; Am 2:8; *Psalms van Salomo* 2:20  
•Pseudepigrawe.

<sup>u</sup>**6:43 biesiestring ... is nie:** Wanneer die biesiestring gebreek word, is dit 'n teken dat sy aanvaar is vir tempelprostitusie.

Hoe kan hulle dan as gode beskou of gode genoem word?

### **Sesde waarskuwing: Afgode as mensemaaksels**

<sup>45</sup> Hierdie goed is deur skrynwerkers en goudsmede gemaak en hulle kan niks anders wees as wat die vakmanne met hulle beoog het nie.

<sup>46</sup> Selfs diegene wat hulle skep, leef glad nie besonder lank nie. Hoe kan hulle maaksels dan gode wees? <sup>47</sup> Want al wat hulle die nageslag laat erf, is bedrog en skande. <sup>48</sup> Wanneer oorlog en rampe die gode tref, is dit die priesters wat onder mekaar bepaal waar hulle met die gode kan gaan skuil. <sup>49</sup> Hoe is dit dan moontlik dat 'n mens nie kan beseef dat hierdie goed, wat hulleself nóg uit oorlog nóg uit rampe kan red, nie gode is nie? <sup>50</sup> \*Want wat maar hout is, verguld en versilwer, sal hierna as 'n bedrogspul herken word. Alle nasies en konings sal insien dat hulle nie gode is nie, maar die handewerk van mense, en dat daar geen goddelike werking in hulle is nie.

<sup>51</sup> Wie beseef nog nie dat hulle nie gode is nie?

### **Sewende waarskuwing: Kragteloosheid van afgode**

<sup>52</sup> \*Hulle kan glad nie 'n koning oor 'n land aanstel nie, ook glad nie vir mense reën skenk nie. <sup>53</sup> Hulle kan glad nie hulle eie regspraak behartig nie, en ook glad nie iemand red wat onreg ly nie, aangesien hulle magteloos is. Hulle is immers soos kraaie tussen hemel en aarde.<sup>v</sup>

<sup>54</sup> Want ook as 'n brand sou uitbreek in die huis van gode van hout, goud of silwer, sal hulle priesters vlug en behoue bly, maar die gode sal verbrand word soos die middelste balke. <sup>55</sup> Teen 'n koning of vyande kan hulle glad nie weerstand bied nie.

---

\*6:50 Jer 2:11; 10:4

\*6:52 Deut 11:14; 28:12; Ps 147:8; Jer 14:22; Bar 6:33

<sup>v</sup>6:53 soos ... aarde: Hierdie beeld dui op die absurditeit en magteloosheid van die gode — hulle is nóg vis, nóg vlees.

<sup>56</sup> <sup>w</sup>Hoe kan hulle dan as gode aanvaar of beskou word?

### **Agtste waarskuwing: Afgode as buit van diewe**

<sup>57</sup> Gode van hout, goud en silwer sal hulle glad nie teen diewe óf teen rowers kan verweer nie. Die sterkes onder die diewe en rowers sal die goud en die silwer en die klere wat die gode aanhet, afstroop en daarmee wegloop, en die gode sal hulleself glad nie kan help nie.

<sup>58</sup> Hoeveel beter is dit nie om 'n koning te wees wat sy dapperheid bewys of 'n houer in 'n huis wat sy eienaar nuttig kan gebruik, as om vals gode te wees nie, of om 'n deur in 'n huis te wees wat alles daaragter beveilig, eerder as vals gode. Selfs om 'n houtpilaar in 'n paleis te wees, is beter as om vals gode te wees. <sup>59</sup> Want son, maan en stralende sterre word uitgestuur met 'n doel, en hulle gee gehoor. <sup>60</sup> Net so ook weerlig: wanneer dit blits, is dit van ver af sigbaar. Op dieselfde wyse waai ook die wind oor die hele aarde. <sup>61</sup> En as God die wolke beveel om die hele wêreld te oordek, sal hulle die opdrag uitvoer. Ook die vuur wat van bo af uitgestuur word om berge en bosse te vernietig, doen soos beveel word. <sup>62</sup> Nie wat hulle voorkoms of hulle krag betref, kan die gode met hierdie dinge vergelyk word nie. <sup>63</sup> Daarom kan hulle nie as gode beskou óf gode genoem word nie, aangesien hulle nóg by magte is om 'n oordeel te vel, nóg om 'n mens goed te behandel.

<sup>64</sup> Aangesien julle dan weet dat hulle nie gode is nie, moet julle hulle nie vrees nie.

### **Negende waarskuwing: Volkome onmag van afgode**

<sup>65</sup> Hulle kan glad nie konings vervloek nie, hulle ook nie seën nie.

<sup>66</sup> Hulle sal glad nie vir die nasies tekens aan die hemel kan laat verskyn nie, ook nie soos die son straal nie, ook nie lig gee soos die maan nie.

<sup>67</sup> Selfs die diere, wat in staat is om na 'n skuilplek te vlug en so hulleself

---

<sup>w</sup>**6:56** Samevatting van die gevolgtrekkings in Bar 6:39,44 en 51.

te beskut, is beter as hulle.

<sup>68</sup> Op geen wyse blyk dit vir ons dat hulle gode is nie. Daarom moet julle hulle nie vrees nie.

### **Tiende waarskuwing: Hulpeloosheid van afgode**

<sup>69</sup> Want soos 'n voëlverskrikker in 'n komkommerland\* wat niks beskerm nie, só is hulle gode van hout, goud en silwer. <sup>70</sup> Soos 'n doringbos in 'n tuin waarop elke voël gaan sit, soos 'n lyk in die duisternis uitgegooi, só is hulle gode van hout, goud en silwer. <sup>71</sup> Uit die purper wat verrot en die marmer wat op hulle verslyt, sal julle weet dat hulle nie gode is nie. Uiteindelik sal hulle opgevreet word en 'n skande in die land wees.

<sup>72</sup> Daarom is dit beter dat 'n regverdige<sup>x</sup> mens nie afgodsbeelde het nie — want hy sal ver van skande wees.

---

\*6:69 voëlverskrikker ... komkommerland: Jer 10:5

<sup>x</sup>6:72 regverdige: Iemand wie se saak reg is voor God.